basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/ motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

TEKS A: TIENERS EN SOSIALE NETWERKE

VRAAG 1

[Verwerk uit: http://www.jip.co.za en http://www.sarie.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	"doodgewone" (Moenie penaliseer indien aanhalingstekens ontbreek nie.)	1	2
1.2	• Wanneer sy ure lank op haar selfoon besig is. • Wanneer sy lank voor die rekenaarskerm sit. (Enige EEN of soortgelyk.)	1	1
1.3	• Tieners verkeer **sosiaal**/ruil inligting met ander tieners uit deur middel van hierdie netwerke. • Hierdie **netwerke** help tieners om in verbinding met hulle vriende/ander jongmense te bly, selfs al kuier hulle nie fisies saam nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.4	Sy bly in verbinding met haar vriende/ander jongmense ✓ en kry inligting vir (assesserings)projekte. ✓	2	1
1.5.1	Twitter ✓ Facebook ✓	2	1
1.5.2	Sosiale netwerke is gratis/kos nie geld nie.	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.6	• Meer mense kan aan Facebook deelneem. • Facebook is so toeganklik vir alle mense wêreldwyd. • Mense van verskillende wêrelddele kan so kommunikeer. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.7	• Jy kan op Facebook speletjies speel. ✓ • Jy kan op Facebook nuusartikels lees. ✓	2	2
1.8	• Mense kan vals profiele op Facebook skep. • Mense kan fiktiewe ervarings op Facebook deel. • Mense kan oneerlik wees op Facebook. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.9	Dit is nie werklik haar kêrel nie./Dit is 'n denkbeeldige kêrel.	1	3
1.10	Die onderwyser voel nie dat dit baie werk is nie/ onsimpatiek ✓ terwyl Shireen se vriende haar jammer kry/simpatiek daaroor voel/dink dis baie werk. ✓	2	3
1.11	• In die verlede/Vroeër moes die leerders vir die onderwysers/ouers/volwassenes inligting vra/was volwassenes die enigste bron van kennis. • In die verlede/Vroeër was daar nie tegnologiese bronne nie. • Deesdae is daar meer (tegnologiese) bronne. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.12	• C • tieners • C tieners (Enige EEN)	1	2
1.13	• Ouers verstaan nie tegnologie nie/dat tegnologie ontwikkel het nie. • Ouers veroordeel tegnologie te vinnig. • Ouers raak kwaad as hulle kinders die hele tyd op hul selfone/rekenaars besig is. (Enige EEN)	1	3
1.14	Kommunikasie het verander.	1	2
1.15	• Hulle het mekaar gebel. ✓ • Hulle het briewe aan mekaar geskryf. ✓	2	1

1.16	• Sy wil ouers/volwassenes oortuig dat die internet en sosiale netwerke goed is. • Sy skryf vanuit 'n tiener se perspektief. • Sy wil sosiale netwerke (en die internet) vir ouers/ volwassenes aanvaarbaar maak. • Sy is ten gunste van sosiale netwerke/Sy verdedig sosiale netwerke (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.17	• Ouers kan die nodigheid/waarde van sosiale netwerke/die internet besef. • Ouers kan verstaan dat sosiale netwerke/die internet vir tieners nodig is. • Ouers kan ophou bekommerd wees oor tieners wat die hele tyd op hulle selfone/die rekenaar is. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.18	• Die prent dui aan/som op waaroor die artikel handel. • Die prent trek die leser se aandag om die artikel te lees. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5

TEKS B: PERSENTASIE UITSAAITYD OP SUID-AFRIKAANSE TELEVISIE [Verwerk uit: www.grafika24.com]			
VRAAG	**MEMORANDUM**	**PUNT**	**DENK-VLAK (Barrett)**
1.19	Engels	1	3
1.20	Venda kry meer uitsaaityd ✓as Swazi./Swazi kry minder uitsaaityd ✓ as Venda	1	3
1.21	Ja. • Afrikaans het min uitsaaityd. OF Nee. • Afrikaans het meer uitsaaityd as die ander (inheemse) tale. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
1.22	• Daar is baie min Ndebele-sprekers in Suid-Afrika. • Daar word teen die Ndebele-sprekers gediskrimineer. (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.23	Gehoorgestremdes kan voel dat: • hulle nie belangrik genoeg is nie. • hulle uitgesluit word. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
1.24	• Dit verskyn in die orde van die meeste tot die minste uitsaaityd. • Dit maak dit makliker om die uitsaaitye te verstaan/vergelyk. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
	TOTAAL AFDELING A:	**[30]**	

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70 woorde grens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2

TEKS C: HOE OM 'N GOEDKOOP VAKANSIE MOONTLIK TE MAAK!
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 November 2014]

Direkte aanhaling		Eie woorde
'n Vakansie is wonderlik vir jou gesondheid en jou gees, maar dit is nie vir almal moontlik om 'n vakansie te bekostig nie. Hier volg sewe maniere om 'n heerlike vakansie moontlik te maak.		
Jy moet eers die koste van die vakansie bereken. Hierdie koste behoort vervoer, sakgeld, kos en blyplek in te sluit. **Daarna kan jy begin om sekere opofferinge te maak om geld te spaar.** Jy kan byvoorbeeld minder cappuccino's per week drink. As jy twee cappuccino's minder per week drink, bespaar jy R40. Dit is in totaal ongeveer R2 000 wat jy per jaar spaar!	1 2	Stel eers vas hoeveel die vakansie sal kos. Maak voor die vakansie opofferings om geld te spaar.
Tydens die Desember- en Paasvakansie is vakansieoorde stampvol en die pryse is hoog. **As dit moontlik is, gaan liewers wanneer dit stiller is, want dan is alles goedkoper.**	3	Gaan hou vakansie wanneer dit minder besig is.
Het jy geweet dat sekere dinge heeltemal gratis is? Jy kan byvoorbeeld gratis by Tafelberg opgaan as dit jou verjaarsdag is en alle Suid-Afrikaanse Nasionale Parke gee jaarliks 'n week gratis toegang aan Suid-Afrikaners. **Soek dus na gratis geleenthede.**	4	Wees op die uitkyk vir gratis aktiwiteite./Maak gebruik van gratis aanbiedinge.
As jy nie duur hotelle kan bekostig nie, kan jy kampeer. Daar is baie goedkoop plekke orals in Suid-Afrika waar 'n mens kan kampeer. **As jy hierdie opsie kies, kan jy jou eie kamptoerusting koop.** Dan het jy dit as jy die volgende keer weer wil gaan kampeer.	5 6	Jy kan kampeer om op hotel onkostes te spaar. Jy kan jou eie kamptoerusting koop om later weer te gebruik.
Daar is baie webtuistes wat goeie idees het vir goedkoper vakansies soos die ruil van huise. Dit sal die koste van 'n hotel uitskakel. **Gebruik die internet om winskopies te soek**.	7	Soek na goedkoop vakansie-idees op die internet.
Met hierdie raad, hoef 'n vakansie nie net 'n droom te wees nie!		(55 woorde)
TOTAAL AFDELING B:		**[10]**

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.1	Mense (oud en jonk) wat aan hooikoors/allergieë ly.	1	1
3.2	• Dit is in 'n groter/donker lettertipe/font. • Die lettertipe/font is anders/verskillend. • Dit staan boaan die advertensie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
3.3	bevrees/beangs/bang/skrikkerig	1	4
3.4	• D • tydsverloop aan te dui. • D tydsverloop aan te dui. (Enige EEN)	1	3
3.5	totsiens/tot siens/wederom/tot wederom/tata/tatta	1	2
3.6	allergiese	1	1
3.7	Dr. Reddy se allergiepille	1	3
3.8	Die spasie tussen die woorde "allergieë" en "weghou" versterk die weghou-gedagte.	1	6
3.9	keuse	1	1
3.10	• Gebruik 'n prent van jong-/oumense. • Gebruik 'n ander lettertipe/vetdruk/hoofletters. (Enige EEN)	1	5
			[10]

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk uit: www.comics.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	• "ALLES" staan in hoofletters. ✓ • Die gebruik van die aksent- of akkuutteken in "só". ✓	2	2
4.2	• "wens" ✓ • "begeer" ✓ (Kandidaat moet albei woorde gee om 2 punte te verdien.)	2	1
4.3	Beletselteken/...	1	4
4.4	• C • gefrustreerd is. • C gefrustreerd is. (Enige EEN)	1	4
4.5	• Die spraakborrel dui aan dat hy dink. • Hy druk sy mond toe. (Enige EEN)	1	3
4.6	• Simon vra hoekom hy ✓vir alles moet werk. ✓ • Simon vra hoekom hy ✓ moet werk vir alles. ✓ (Enige EEN)	2	3
4.7	• Die uitroepteken beklemtoon sy woorde/sy vraag. • Die uitroepteken druk sy emosie uit. • Dit wys dat hy die woorde uitroep/skreeu. (Enige EEN)	1	4
			[10]

VRAAG 5

5.1 TEKS F: PAUL ADAMS DEEL SY LEWENSLES
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 24 Oktober 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.1	lewensles	1	1
5.1.2	Is jy op soek na 'n tweede kans?	1	3
5.1.3	rolmodel	1	2
5.1.4	Die oudkrieketspeler se agtergrond het hom nie gekeer nie.	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.5	• Met sy ongewone boultegniek het hy op 18 internasionaal beroemd geword. • Met sy ongewone boultegniek het hy internasionaal beroemd geword op 18. (Enige EEN)	1	2
5.1.6	werkloos	1	3
5.1.7	Hy het nie moed vir die toekoms gehad nie.	1	3
5.1.8	Werk was skaars; daarom het hy ’n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar.	1	6
5.1.9	met	1	1
5.1.10	Jy behoort altyd eerlik te wees.	1	6
5.1.11	Probleme kry jou nie onder nie.	1	3
5.1.12	Alle kanse is deur Paul gebruik.	1	6
5.1.13	• Paul sê: “Passie vir die werk is belangrik.” • Paul sê: “Passie is belangrik vir die werk.” • “Passie is belangrik vir die werk,” sê Paul. • “Passie vir die werk is belangrik,” sê Paul. (leestekens✓, woordorde✓) (Enige EEN)	2	3

5.2 TEKS G: PRENT
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 4 September 2014]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.2.1	Rosie weet nie wat Dirk beplan nie.	1	2
5.2.2	verras	1	1
5.2.3	vier	1	2
5.2.4	glo	1	1
5.2.5	juwele/juweliersware	1	1
5.2.6	opwindende	1	1
SUBTOTAAL:		**[20]**	
TOTAAL AFDELING C:		**40**	
		GROOTTOTAAL: 80	

Kopiereg voorbehou